NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2025

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

1.1 Die werkwoord "skarrel" herinner die leser aan die frenetiese bewegings van muise.

1.2 Die toon is sarkasties. Die roos by die geskenk is so onbelangrik dat die vermelding tussen hakies weggesteek word. Die roos is waardeloos omdat dit van plastiek gemaak is. Bowendien is die spreker so geskok oor die geskenk dat die belang van die roos in die niet verdwyn.

[Oorweeg ander formulerings van hierdie insig.]

1.3 As liefdesbetuigings nie opreg is nie, maar afgedwing word deur 'n spesifieke feesdag, is dit waardeloos. Valentynsdag dwing mans om hulle gevoel vir hulle geliefdes uit te druk op maniere wat nie vir hulle natuurlik is nie. Dit mag beter wees as hulle dit spontaan te eniger tyd uitdruk op maniere wat vir hulle betekenisvol is.

[Oorweeg ander insigte en interpretasies.]
[Een punt as paragraaf 3 slegs herfraseer word; twee punte indien paragraaf 1 sinvol betrek word.]

1.4
- Hulle eie mans is nie romanties genoeg nie.
- Hulle kan sonder skade of ontrouheid oor die beroemde mans fantaseer.
- Dit gee hulle 'n verskoning om hulself te bederf.

[Enige TWEE stellings, of EEN stelling wat deeglik uitgebreid verduidelik word. Oorweeg ook ander antwoorde.]

1.5 Die vroue wil nie glo dat haar voorstel nodig is nie. Hulle besef nie hoe moeilik dit vir die mans is om hulle op 'n romantiese manier te bederf nie. Daarenteen is die mans maar te dankbaar vir hierdie idee – hulle sal dit heelhartig ondersteun. Dit sal die aankoop van geskikte geskenke en ander romantiese tekens onnodig maak. Hulle voel dit is romanties genoeg om geld op hulle vroue te spandeer; as dit die vroue gelukkig sal maak, sal dit hulle baie goed pas.

[Oorweeg ook ander sienings en interpretasies.]
[Een punt vir die reaksie van vroue; een punt vir die reaksie van mans; die derde punt vir 'n verrykende uitbreiding op die gegewe in die teks.]

1.6 Sy ervaar nie self enige romantiese liefde in haar lewe nie.

OF

Sy vervang die gebrek aan romantiese liefde in haar lewe met die optrede van fiksionele karakters.

[Een punt vir elkeen van twee sienings **OF** twee punte vir 'n enkele insigryke en deeglik gemotiveerde siening.]

IEB Copyright © 2025

1.7 Nee – die man laat hom heel deeglik geld in sy wêreld en weier om toe te gee aan sy vrou se romantiese behoeftes. Hy verduur die versierings in die motor en die lees van liefdesverhale, maar daar is soveel ander dinge wat hy sy vrou ontsê het (soos 'n huwelikseremonie en -onthaal en 'n bruidsrok; dink ook aan hoe hy haar gevra het om te trou en hoe en waar hy die verloofring vir haar gegee het) dat hy hierdie kleinighede maar kan gedoog.

[Een punt indien die kandidaat vassteek by die feit dat die bestuurder die versierings onwillig toelaat; die tweede punt indien die kandidaat die wyer beeld wat die spreker van die bestuurder vorm, betrek, veral die romantiese moontlikhede wat die bestuurder sy *girlfriend* (wat tans sy wettige eggenoot is) ontsê.]

1.8 Dit druk die bestuurder se onvergenoegdheid of irritasie met die romantiese oordaad van 'n trouseremonie uit.

1.9 Metingskaal vir 3 punte.
Eie antwoorde. Moontlike inhoud:
Nee, want die spreker kan die tekens raaksien wat die vrou probeer kommunikeer, onder meer deur die boeke wat sy lees en die versierings in die kar waarop sy aandring. Die spreker kan, as vrou, met die vrou identifiseer en begryp dat sy romantiek in haar lewe mis. Die uiterste bewys dat hulle "geluk" onwaar is, sal wees as sy hom met 'n hartjiekussing versmoor – onwaarskynlik, maar die spreker druk hierdie oordrewe vrees tog as 'n moontlikheid uit.

1.10 1.10.1 Held / ridder / voorslag.

[Oorweeg ander antwoorde.]

1.10.2 Vent / skarminkel / boef / krimineel / idioot / moroon / blikskottel.

[Oorweeg ander antwoorde. Woorde soos drol, poepsak, poephol, bliksem, ens word as kru beskou en sal nie aanvaar word nie, aangesien dit gewoonlik nie gepubliseer sal kan word nie.]

1.11 1.11.1 Die (vokaalletter in die) beklemtoonde sillabe word onderstreep.

1.11.2 Hy het 'n hoë dunk van sy kwaliteit en waarde as mens. Hy dink hy is die soort persoon met wie baie vroue getroud sou wou wees.

1.12 Eie antwoorde. Voorbeelde:
Die man dink baie van homself; en tog, in die lig van sy vrou se verwagtinge, is hy ook maar net 'n skarrelende muis.
Hy dink te veel van homself, maar duidelik is hy nie mans genoeg vir die romantiek nie.

[Een punt vir terugskakeling na vroeër in die teks, spesifiek die begin; een punt vir 'n grammatikaal foutlose sin]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2

2.1 Oorspronklike: Pick n Pay herroep die volgende grondboontjiebotter produkte No Name Smooth Peanut Butter en Eden Crunch Peanut Butter, hierdie produkte word regoor die land verkoop.

Foute: die lys behoort voorafgegaan te word deur 'n **dubbelpunt**. Die **komma** voor "hierdie" is verkeerd – dit behoort 'n **punt** te wees gevolg deur nog 'n sin, **OF** 'n **aandagstreep** (dit sou ook 'n **dubbelpunt** kon wees, maar as 'n dubbelpunt die lys inlei, sal dit verwarrend word). 'n **Kommapunt** is NIE hier 'n goeie verbetering nie.

Korrek: [NOTA: In hierdie aanduiding van moontlike korrekte antwoorde is dit die **leestekengebruik** wat belangrik is. Die manier waarop woorde verkeerdelik gebruik word in die advertensiekopié word NIE hier reggestel of aangedui nie, maar indien 'n kandidaat die woorde korrek sou neerskryf, sal dit nie die toekenning van die punte verhinder nie. Die korrekte leestekens word met vetdruk en onderstreping aangedui.]

- Pick n Pay herroep die volgende grondboontjiebotter produkte**:** No Name Smooth Peanut Butter en Eden Crunch Peanut Butter **–** hierdie produkte word regoor die land verkoop.

OF

- Pick n Pay herroep die volgende grondboontjiebotter produkte**:** No Name Smooth Peanut Butter en Eden Crunch Peanut Butter**. H**ierdie produkte word regoor die land verkoop.

[Oorweeg ander korreksies wat korrek is.]

2.2 "grondboontjiebotter produkte" – "grondboontjiebotterprodukte" (moet een woord wees).
"onmiddelike" – "onmiddellike" – die letter l moet twee maal voorkom.

[Ander antwoorde sal ook oorweeg word.]

2.3 2.3.1 Hierdie herroeping raak geen ander handelsmerke beskikbaar by Pick n Pay nie.

OF

Hierdie herroeping raak geen ander handelsmerke wat by Pick n Pay beskikbaar is nie.
[Laasgenoemde sin kan aanvaar word indien die kandidaat besluit om die sinsdeel "beskikbaar by Pick n Pay" uit te brei met 'n betreklike voornaamwoord en 'n werkwoord. Lydende vorm word egter nie geskep nie – "is" is hier 'n koppelwerkwoord en nie die verlede tyd van die lydende vorm nie.]

IEB Copyright © 2025

2.3.2 Eie antwoorde. Moontlike inhoud:

Lydende vorm – dit plaas die klem op die versekering dat GEEN ander produkte geraak word nie.

Bedrywende vorm – dit fokus op die herroeping van die problematiese produkte, die onderwerp van die hele teks.

2.4 Hulle versoek mense baie ernstig om seker te maak dat hulle alle probleem-produkte in hulle huise vind en terugbring.
Hulle maak dit vir mense maklik om dit terug te neem na hulle plaaslike winkel.
Hulle belowe om die mense se geld ten volle terug te betaal.
Hulle sal selfs produkte wat buite die aangeduide vervaldatumtydperk val, terugneem.
Hulle sal selfs produkte wat reeds oopgemaak is, terugneem.
'n Klantediensnommer word verskaf.

[Enige TWEE van bogenoemde – oorweeg ook ander antwoorde wat op feite uit die teks gebaseer is.]

2.5 Toetse toon dat die produkte te veel van 'n bepaalde soort chemikalie (aflatoksien) bevat (eerste punt) – die moontlikheid bestaan dat gebruikers gesondheidsprobleme kan ontwikkel indien hulle sulke hoë vlakke van die chemikalie inneem (tweede punt).

[Oorweeg ook ander sinvolle verduidelikings.]

2.6 Hulle betrokkenheid verleen gewig aan die wetenskaplike bevindings van die chemiese toetse wat op die produkte onderneem is.
Hulle betrokkenheid stel gebruikers gerus dat die situasie fyn dopgehou word en deeglik onder beheer is.
Pick n Pay kom hulle wetlike verpligtinge na.
Pick n Pay volg die regte kanale.

[Oorweeg ook ander oortuigende redenasies.]

2.7 Slotsin: Indien enige verdere navrae, kan klante ons Klantedienslyn skakel by 0860303030.

Fout: daar is nie 'n werkwoord in die eerste deel van die sin nie – die komma is dus eintlik onnodig. As 'n werkwoordstuk ingevoeg word, moet die komma daar wees.

Moontlike verbeterings: indien daar enige verdere navrae is, kan klante ...
Indien klante enige verdere navrae het, kan hulle ...

Let op: 'n werkwoord moet in die eerste deel van die sin ingevoeg word. Dit moet op die korrekte plek staan.

[Oorweeg ook ander korrekte oplossings vir die probleem.]

IEB Copyright © 2025

2.8 **Ja**, want die geïdentifiseerde chemikalie kan mense siek maak omdat daar soveel daarvan in die produkte is. Die winkel sal nie die onkoste en verleentheid van so 'n herroeping aangaan as dit nie ernstig is nie.

Nee, want die teks sê baie duidelik wat mense moet doen: hulle kan dus kalm bly en sorg dat hulle nie die produkte gebruik nie, maar na die winkel terugneem. OF Woorde soos "moontlik" en "mag" word gebruik, wat impliseer dat die kans op siekte en ander probleme uiters gering is. Die proses is 'n voorsorgmaatreël.

[Oorweeg ook ander oortuigende antwoorde.]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Baie swak
10	8	6½	5	3
9	7½	6	4½	2
8½	7	5½	4	1

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien is om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

Uitstekend: Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle relevante inligting suksesvol uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

Goed: Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies**. Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

Gemiddeld: Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei tussen watter aspekte van die gegewe teks relevant is en watter aspekte van die gegewe teks nie relevant is nie, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie**. Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van volsinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

IEB Copyright © 2025

Ondergemiddeld: Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

Baie swak: Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt volgens die beskrywings en metingskaal hierbo bepaal het, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

2024-opdrag: Die kandidaat moet 'n paragraaf van 90 tot 100 woorde skep wat by 'n foto van dr. Sooliman uitgestal kan word. Dit moet verduidelik waarom dr. Sooliman as 'n hedendaagse held beskou word.

Feitelys:

- Imtiyaz Sooliman is 'n opgeleide mediese dokter. (Die ander inligting oor sy vroeë lewe kan as minder inspirerend gesien word.)
- Hy is in 1992 deur 'n sjeik in Istanboel aangesê om Gift of the Givers te stig.
- Hy het dadelik die organisasie op die been gebring. Hy het sy mediese loopbaan hiervoor laat vaar.
- Alle mense kan gehelp word: kleur, geloof ensovoorts maak nie saak nie.
- Vrywilligers doen meestal die werk.
- Gift of the Givers werk in Suid-Afrika, maar ook internasionaal.
- Binne Suid-Afrika help hulle boere tydens droogte.
- As gemeenskappe nie drinkwater het nie, help hulle daarmee.
- Hulle verseker menswaardigheid deur hulle werk.
- Gewone Suid-Afrikaners finansier hulle werk.
- Hulle bied hulp aan rampgebiede ná aardbewings, vloede en brande.
- Hulle deel kospakkies uit om hongersnood te voorkom.
- Hulle probeer sorg dat siektes nie versprei nie.
- Hulle help in gebiede waar oorlog voorkom, en staan vlugtelinge by.
- Sooliman se waardes is respek, versorging, professionaliteit en toewyding.
- Hy glo alle mense word deur 'n gemeenskaplike menslikheid saamgesnoer.

Hierdie feite het te doen met Gift of the Givers se werk en pas in by die tema van gemeenskapsbetrokkenheid en –diens. Die ander feite in die teks behoort nie ter sprake te kom nie.

IEB Copyright © 2025

Voorbeeldantwoord:

Hedendaagse held: Dr. Imtiyaz Sooliman

Dr. Sooliman het ná skool as mediese dokter gekwalifiseer. Tydens 'n besoek aan Istanboel in 1992 het 'n sjeik hom aangesê om 'n organisasie te stig om ander mense te help. Terug in Suid-Afrika het hy Gift of the Givers gevorm. Hulle help enige mense oor die hele wêreld wat in nood is as gevolg van natuurrampe of menslike optrede. Hulle help in oorlogsones en in gemeenskappe wat swaarkry weens swak dienslewering. Slagoffers ontvang kospakkies, tydelike behuising en mediese hulp. Dr. Sooliman is daarom 'n hedendaagse held wat glo ons word almal deur 'n gemeenskaplike menslikheid saamgesnoer.
[97 woorde]

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie.

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

Vlak	1	2	3	4	5	6
Punt	1	2	3	2	1	1

IEB Copyright © 2025

AFDELING B POËSIE

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

NOTA: Hierdie gedig het in 1995, tien jaar na die dood van D.J. Opperman, in 'n bundel van Ina Rousseau verskyn. Dit is dus die mees voor die hand liggende interpretasie dat die gedig oor Opperman se dood in 1985 handel. Dit mag egter wees dat sommige lesers Opperman se groot siekte van 1976, toe hy weens lewerversaking vir maande lank in 'n koma was en 'n lang hersteltydperk deurgemaak het, gebruik om hierdie gedig te interpreteer. Indien dit gebeur, sal hulle nie gepenaliseer word nie. In die nasienriglyne word na albei moontlikhede verwys.

4.1 Die motto verseker dat die gedig nie bloot letterlik gelees word nie, maar dat die klavier 'n simbool of beeld van D.J. Opperman word.

OF

Weens die motto interpreteer die leser die klavier as 'n simbool of beeld van D.J. Opperman.

[Indien die kandidaat die inhoud van die motto in die antwoord betrek, is dit in orde – sien akkommoderend na.]

4.2 Stukkend: Letterlik – die klavier het gebreek en kan nie meer musiek maak nie. Figuurlik – Opperman is dood OF het na sy lewerversaking in 'n koma verval en kan nie meer gedigte skryf nie.

Onvoltooid: Letterlik – die klavier se funksie (om musiek te maak) kan nie verder gevoer word nie. Figuurlik – Opperman se taak as digter kan nie voortgaan nie.

Onhelder: Letterlik – dit is onduidelik wat van die klavier se potensiaal om musiek te maak geword het. Figuurlik – dit is onduidelik wat van Opperman se vermoë as digter geword het met sy dood. Hierdie idee kan natuurlik op enige mens toegepas word: wat gebeur na die dood OF nadat jy in 'n koma verval?

4.3 Die toon in versreël 22 en 23 is depressief, ongelukkig, hartseer, ontsteld, of wanhopig. Die rede daarvoor is die spreker se hartseer en ontsteltenis oor die verlies aan potensiaal wat voorkom weens die breek van die klavier en simbolies die dood van die digter.

Die slotstrofe se toon is hoopvol omdat die spreker die moontlikheid oorweeg dat die potensiaal van die klavier – en dus die digter – iewers in die heelal voortbestaan. (Die vraagsin impliseer dat die hoop maar klein is – dit is soos 'n strooihalm wat die spreker troos.)

IEB Copyright © 2025

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

5.1 Italiaans: daar is 'n duidelike verandering in die sonnet in versreël 9 – die res van die gedig bestaan uit vrae. Die verdeling tussen oktaaf en sestet is dus baie duidelik.

Engels: daar is 'n rymende slotkoeplet. (Die kruisrympatroon gee ook die indruk dat hier drie kwatryne onderskei kan word soos volgens die Shakespeariaanse sonnet.)

5.2 Wit word twee maal genoem: "wit van waterblomme" en "wit soos graan" – wit dui op groei in die natuur wat produkte voorsien wat die mens kan gebruik. Daar is dus 'n blydskap en opwinding oor die waterblomme en die graan.

Geel: "geel boorde" – dit kan enersyds dui op die ryp geel vrugte in die boorde, of dalk ook op die bome se geel blare wat die herfs aandui. Ook hier is groei tot 'n bruikbare produk ter sprake; die geel blare toon dat die boord sy oes gelewer het en nou gereed maak om in die winter te rus.

5.3 Die spreker is opgewonde oor die tekens wat hy in die natuur waarneem dat dinge om hom groei om te word wat hulle moet wees – die graan en vrugte word ryp en is gereed vir die oes.

5.4 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud:
Die spreker bevraagteken sy vroeëre vreugde wanneer hy vra of alle groei tot pyn lei. Daarby bevraagteken hy die proses van gebed as hy wonder of dit maar net 'n manier is om insig te verkry ("nuwe name") in die negatiewe ervaring van die proses van herfs. Die aftakeling in die natuur, wat volg op die bereiking van doelwitte (soos ryp graan en vrugte), lei tot hartseer en ontsteltenis omdat dit verlies impliseer. Hierdie verlies word as "wondre uitbloei" verwoord – dit dui op die manier waarop die natuur afskaal en inperk voordat dit winter word. Selfs al weet 'n mens daarvan, is dit steeds iets wat tot onsekerheid (die vrae) en ontsteltenis lei.

Ook: terwyl die natuur tot volheid kom volgens die verloop van seisoene is die mens altyd besig om (pynlik) te groei tot iets wat slegs deur die dood volbring kan word. Intussen tas ons rond om die vreemdheid van ons bestaan en ons soeke na sin onder woorde te bring. Gebed word dan in der waarheid 'n eksistensiële ondersoek na die wonde wat menswees voortbring.

[Lees die kandidaat se antwoord noulettend en bepunt akkommoderend, veral wanneer die insig nie knap verwoord word nie.]

5.5 "nuwe, namelose" OF "nuwe name" OF "wit van waterblomme" OF "staan weer soggens" OF "stilweg skryn" – **daar is meer moontlikhede wat ook aanvaar sal word**. [Nota: al is "wit van waterblomme" nie in dieselfde versreël nie, sal sommige kandidate dit as alliterasie aanhoor en aandui – dit mag die punt ontvang.]

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

6.1 Die uiterlike struktuur: Die uitleg van die gedig toon drie kwatryne en 'n rymende slotkoeplet. Die rympatroon [abba cddc effe gg]. Die ritmepatroon.

Die innerlike struktuur: Die inhoud van die gedig is 'n lys voorbeelde van die basiese premis van die gedig wat oor drie kwatryne opbou. Die slotinsig word in die slotkoeplet verwoord.

[Enige kombinasie van tegniese aspekte van hierdie gedig sal die twee punte verdien, selfs al noem die kandidaat slegs die drie kwatryne en die slotkoeplet.]

6.2 In die verwysings na God kom hoofletters voor om die belang van God (as skepper van die volmaakte) vir die spreker te beklemtoon. Die eiename in versreël 6 en 8 word met kleinletters geskryf omdat hulle (wat steeds in die leerproses verstrengel raak) nie so belangrik is as wat God is nie.

6.3 "Empiries presies" dui op die mens se waarnemingsvermoë. Dit is eksak, wat impliseer dat ons foutloos waarneem. "Matematies" dui op die vermoë om onderliggende abstrakte patrone raak te sien, en in hierdie opsig is ons "dom" – ons sien dus nie hierdie patrone raak nie. Ons integreer dus nie ons waarnemings om bewus te wees van die dieper patrone in ons bestaan nie.

6.4 Metingskaal vir 3 punte
Eie antwoorde. Verwagte inhoud:
Die spreker besef, in die lig van die lys van vier voorbeelde wat in die gedig opgenoem word, dat ons as mense te klein dink oor God. Ons kan nie insien hoe groot en omvangryk Hy is nie. In die vier voorbeelde moet die betrokke mense eers die mistieke ervaar voordat hulle die konkrete of wiskundige kan verstaan. Ons sien nie eens ons onvermoë raak nie en probeer steeds om God "héél [te] bedink" – om Hom in ons terme onder woorde te bring of met begrypbare konsepte te definieer. Ons kan egter nie eers ons konteks, die "verganklike", verhef tot iets ewigs ["onverweerbare"] nie, laat staan nog om die transendente, die geestelike, te begryp. Ons belangrikste intellektuele prosesse is naamgewing en berekening ["benoem en te tel"], maar dit is beperk en help ons slegs om voorlopige ["tydelik"] insig te bekom ["besit"].

[Lees die kandidaat se antwoord noulettend en bepunt akkommoderend, veral wanneer die insig nie knap verwoord word nie.]

6.5 "in 'n grot eers offers bring" OF "veel meer kere" OF "iets sien" – **daar is meer gevalle in die gedig teenwoordig wat almal kredietwaardig is**.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

7.1 Die krokodil maak homself moeilik sigbaar deur net onder die oppervlak van die water te dryf (kamoeflering – eerste punt). Hy lê en wag vir prooi om te eet (die voëls of paddas wat genoem word) (jagter – tweede punt).

7.2 Die krokodil se grasieuse bewegings in water [eerste punt] staan in kontras met sy lompe beweging op land [tweede punt]. Woorde soos "trappel", "ligvoetse" en "ballet" dui op die grasie, terwyl "krink", "komieklike" en "lomp" die moeisame beweging op land uitbeeld [derde punt vir die betrek van spesifieke woorde uit die strofe].

7.3 In die eerste drie strofes word die lewendige krokodil in sy of haar natuurlike habitat uitgebeeld. [eerste punt]
In die slotstrofe is die vel van die dooie krokodil omskep in 'n vrou se handsakkie. [tweede punt]
Die kontras tussen die groot en gevaarlike krokodil en die bykomstigheid tot die vrou se uitrusting word beklemtoon deur woorde soos "fyn gestik" en "iets ligs". [derde punt]

[Belangrik: die kandidaat hoef nie die punteskema wat hierbo aangedui word, slaafs na te volg nie. Sien dus akkommoderend na. Indien die kandidaat nie al drie elemente in die antwoord insluit nie, maar meer uitgebreid skryf oor enige van die ander punte, is drie punte vir so 'n antwoord steeds moontlik.]

7.4 Die kontras bewerkstellig ironie deur van die groot, lomp krokodil iets fyns en ligs te maak wat 'n vrou oor haar skouer kan "glip".

OF

Die krokodil sluk steeds goed in: as lewende dier het hy sy prooi ingesluk, maar nou as handsakkie sluk hy "kleinighede" in. Die groot, magtige roofdier word nou 'n mak, elegante byvoegsel by 'n deftige uitrusting.

[Een punt vir die benoeming van die ironie; tweede punt vir 'n sinvolle bespreking van die ironiese kontras.]

IEB Copyright © 2025

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID

VRAAG 8 INFOGRAFIKA

8.1 Die tekeninge wat sekere feite omtrent bloubessies beklemtoon [soos die voedselverwerker of die bom – voorbeelde nie nodig vir die punt nie].
Die FOOD HERO-logo.
Die lettertipe laat die teks minder formeel voorkom.

8.2 Die gebruik van die intensiewe vorme "propvol" en "supergesonde".
Die gebruik van hakies om op byna speelse wyse ekstra inligting toe te voeg ("(Hulle is natuurlik ook heerlik in nageregte.)" of "(en vitamiene C)").
Die uitroepteken ("Bloubessies is gekies as een van Pick n Pay se PnP Food Heroes!").
Die tendensieuse term "smoothies".
Die bywoord "glo" skep 'n nie-outoritêre toon.

[Daar is ook ander moontlikhede wat kandidate kan aantoon – kontroleer altyd of dit pas by die opdrag.]

8.3 Nota: Enige TWEE van die volgende drie kan gebruik word.

8.3.1 "natuurlik" is dubbelsinnig – bloubessies kom direk uit die natuur uit en is nie in 'n fabriek verwerk nie; daarom is dit voedsaam. Maar die woord beteken ook "vanselfsprekend", skep 'n gemeensame toon en beklemtoon die verwysing na nageregte, iets wat kinders en ander lesers se soet tande tevrede sal stel.

8.3.2 "glo" ondermyn die wetenskaplike aard van Teks B. Dit beklemtoon die feit dat daar vermoed word dat die vruggies antioksidante bevat, maar dat daar nog nie genoeg wetenskaplike inligting is om dit as 'n besliste feit te stel nie. Om hulleself te beveilig gebruik die skrywers die woord "glo" om aan te dui dat hulle bewerings aanhaal en nie feite nie, soos die terminologie lesers kan laat aanvaar (of – ja – glo!). Dit klink ook of die feite oorvertel word en versag daardeur die "te gesonde" verkoopsfoefies.

8.3.3 "tien teen een" beteken "bes moontlik" of "dalk". Dit ondermyn/versag ook hier die wetenskaplike aanspraak dat mense nie daagliks genoeg vesel eet nie. Dit sluit aan by "die meeste van ons", om seker te maak dat mense wat wel genoeg vesel inneem, uitgesluit word.

IEB Copyright © 2025

8.4 Metingskaal vir 3 punte

Eie antwoorde. Verwagte inhoud:

Indien die kandidaat argumenteer dat die infografika NIE die kinderteikenleser suksesvol en konsekwent betrek nie, kan die volgende aangevoer word: Daar is wetenskaplike terminologie (soos "antosianiene", "antioksidantuitwerking", ensovoorts). Dit word bes moontlik gebruik om wetenskaplike akkuraatheid en wetlike status aan die teks te verleen sodat volwasse lesers ook baat daarby sal vind. Die verwysing na siektes kan ook eerder tot volwassenes spreek. Kinders sal ook heel waarskynlik nie die moeite doen om soveel detail te lees nie.

Indien die kandidaat argumenteer dat die infografika WEL suksesvol met die kinderteikenleser kommunikeer, kan onder meer die volgende as ondersteuning genoem word: die feit dat kinders grafiese elemente (soos die tekeninge, die foto en die ongewone lettertipes) aantreklik vind; die speelse bewoording van die inligting; die idee dat mense wat gesond eet, helde is.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 9 SPOTPRENT

9.1 **Gesigsuitdrukking:** die oë wat na die pa gedraai is en uitbult, die breë glimlag.
Liggaamstaal: die voete in die lug, die uitgespreide tone, die gebuigde bene, die arms wat besitlik om die pa geslaan is.
Woordkeuse: die vertederende verkleinwoord "pappatjie".
Ander tekentegnieke: die hartjies wat bo die meisie se kop sweef en haar liefde vir haar pa aandui.

[Oorweeg ook ander besonderhede uit die spotprent wat onder hierdie hofies inpas.]

9.2 Hy fokus op die feit dat hy net 'n bord vol groente voor hom het omdat vleis te duur is om te koop. Sy fronsende gesig en slap arms toon dat hy nie op die meisie en haar bewondering fokus nie, maar op die slegte situasie dat hy nie vleis kon koop om te eet nie.

9.3 Die humor spruit uit die woordspeling met tjop en aftjop. Omdat vleis so duur is, kan die man nie meer vleissnitte soos tjops bekostig nie; daarom ervaar hy 'n onaangename situasie wat soos mislukking voel ("aftjop").

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025

METINGSKAAL

Hierdie metingskaal word gebruik om die volgende vrae na te sien: 1.9; 5.4; 6.4; 8.4

VLAK EN BESKRYWINGS	3 PUNTE
Die uitstekende/baie goeie respons ● Is volledig/gedetailleerd met spesifieke verwysing na die gegewe teks en opdrag; ● Maak insigryke/spesifieke konneksies tussen die opdrag en die teks; ● Integreer alle elemente, toon 'n duidelike begrip van hoe dele bydra tot 'n groter geheel; ● Maak gebruik van gesofistikeerde taalgebruik.	3
Die redelike respons ● Maak redelike verwysing na die gegewe teks en die opdrag; ● Maak konneksies tussen die opdrag en die teks; ● Gee 'n bewys/bewyse dat die konteks begryp word; ● Toon 'n gedeeltelike begrip van die samehangende geheel; ● Maak gebruik van redelik goeie taalgebruik.	2
Die onvolledige respons ● Verwys na die teks en/of opdrag in die algemeen; ● Is soms onakkuraat en oorvereenvoudig; ● Demonstreer konkrete denke en 'n onvolledige begrip van die elemente; ● Maak gebruik van swak taalgebruik wat steurend word.	1
Die onvoldoende respons ● Verwys glad nie na die teks en/of die opdrag nie; ● Beantwoord nie werklik die vraag nie weens 'n gebrek aan begrip; ● Maak gebruik van ontoereikende taalgebruik; ● Of verskaf geen poging om die vraag te beantwoord nie.	0

Die nasiener mag 'n halfpunt meer of minder gee as wat die matriks toelaat om taalgebruik wat beter as die inhoud is, te beloon, of om taalgebruik wat swakker as die inhoud is, te penaliseer.

By elke vraag wat hierbo genoem is, verskaf die nasienriglyne tipiese inhoud wat by die vraag verwag kan word. Die nasiener moet egter die kandidaat se aanbod op eie meriete oorweeg en dit nie bloot meet teen die moontlikhede in die nasienriglyne nie.

IEB Copyright © 2025